View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)



# DIE LOOP VAN DIE DINGE.

L. J. du Plessis.

Terwyl in die wêreld daarbuite die internasionale en ook dikwels intra-nasionale spanninge, waarna ons tevore verwys het, in die afgelope tyd merkbaar verskerp is, vanweë verskerpte mededinging in bewapening en handel en verskerpte ras- en klas-konflikte, kan ons in Suid-Afrika nog grotendeels getuig van 'n gevoel van ontspanning. Want nie alleen was dit ons vakansie-tyd wat soos gewoonlik afgesluit is met die bekendstelling van eksamenuitslae nie, maar ook was daar nog steeds voortgang in die handelsoplewing en in die verbetering van boerderytoestande, nieteenstaande groot reënskades op plekke en sprinkaangevaar.

Ook vir ons nywerhede is daar weer goeie vooruitsigte. Die bestaande fabrieke ontvang buitengewoon ruime bestellinge en nuwe groot onderneminge, nie alleen op die gebied van mynwese nie, loop voorspoedig van stapel. Binnekort kan ons verwag die volle inwerkingtreding van die Pretoriase Staalfabreik, en van brandstof-fabrieke word heelwat verneem. In hierdie verband het daar 'n eienaardige onenigheid ontstaan onder die personeel van die amptelike Brandstof-instituut en veral tussen Drs. de Villiers, van der Lingen en Schumann oor die betreklike rentabiliteit van steenkool-petrol en mielie-alkohol. Waarskynlik hou hierdie enigsins onverkwiklike twis nog verband met die vroeëre skermutseling tussen adv. van Hees en die regering insake 'n mielie-alkoholfabriek.

* * * *

Hierdie mooi kant van ons Afrikaanse toestande, wat met reg 'n gevoel van ontspanning verwek, het natuurlik ook die strekking om te laat baaitjie uittrek en moue oprol. Dit gee naamlik weer moed en geleentheid vir werk, en also verwek dit ook weer 'n sekere spanning of altans inspanning. En ook origens is daar merk-

baar 'n nuut-opgewekte gees van inspan en opsaal. Daar is ook so veel te doen veral vir die eigelike Afrikanerdom. Allereers is daar die vraagstuk van die arm blankes, in verband waarmee die Nederduits Geref. Kerk nou op versoek van die regering en met medewerking van die algemene deskundige publiek 'n voorbereidings-konferensie gehou het van die kommissie vir die desbetreffende volkskongres teen die end van hierdie jaar. En nie alleen dit nie, maar oral spring daar nuwe organisasies op met die doel om ekonomies te organiseer en te herstel en te veg—organiseerliggame soos die Spoorbond, herstel-liggame soos die Reddingsbond, vegliggame soos die Grys Hemde en wat dies meer sy. Op kulturele gebied is daar minder beweging maar die beweging wat daar is, is nie slegs tot Pretoria beperk nie. Ook in die ander middelpunte van ons land en op die platteland word die trekgoed weer reggemaak vir 'n nuwe skof op die lang pad na ons einddoel—'n Afrikaanse Suid-Afrika.

* * * *

Meer opmerklik was egter die herstel van die natuurlike teëstelling in ons politiek ná die tydperk van konsiliasie wat blykbaar al sy hoogtepunt gepasseer het. Hierdie teëstelling, naamlik tussen imperialisme en republikanisme, is van beide kante in die jongste tyd weer openlik herstel. Aan die imperialistiese kant was daar 'n taamlik openlike organisasie binne en buite die staatsdiens vir herstel van die sogenaamde taalgelykheid d.w.s. taalvryheid vir die Engels-eentaliges, en oor die algemeen vir nouer vaskoppeling van Suid-Afrika aan Engeland en die Ryk ook deur beter ontwikkeling van ons militêre steisel onder Min. Pirow. En binnekort sal ons gevra word om 'n luidrugtige maar desnietemin sielbederwende welkom toe te roep aan 'n grootmeester van die imperialisme in die persoon van Prins George. Boondien het die saamsmeltingsbeweging in verskeie opsigte duideliker sy imperialistiese karakter geopenbaar. Aan die republikeinse kant weer was daar allerweë 'n nuwe monstering van alle strydbare helde en 'n aanvanklike besliste herstel van die nasionalistiese ideaal selfs by die Afrikaners in die Arbeidersparty. Hierdie beweging is vir ons baie welkom, maar is gedoem

om vroeër of later weer dood te loop in 'n konsiliasiemoeras, soos die geval was met Die Afrikanerbond, met die Orangia-Unie, met Het Volk, met die Suid-Afrikaanse Party en met die Nasionale Party, tensy hy nou eindelik beslis neerlê dat nasionalisme in Suid-Afrika niks anders kan beteken nie as Afrikaans-christelike Nasionalisme, m.a.w. 'n Nasionalisme met 'n Kalvinistiese karakter en 'n Republikeinse vorm, „van alle vreemde smette vry" hoewel van harte bereid om alle bruikbare elemente uit die buiteland te absorbeer en te assimileer.

* * * *

Nieteenstaande alle goeie gronde vir hoop en vertroue is daar egter nog 'n duisternis van gevare. En nie die geringste daaronder nie is die nog voortkankerende murgtering van die tereg stereotiep so bekende ruggraat van Suid-Afrika, naamlik die boerebevolking op die hoogvlaktes van ons land. Die sterk regering wat ons deur die Hertzog-konsiliasie gekry het, was grotendeels volgens die voorstanders van daardie konsiliasie bedoel om hierdie kwaal te stuit. Veel het hy nog nie gedoen om sy vermeende bestaansrede te regverdig nie, en wat hy gedoen het, dra nog grotendeels die karakter van noodhulp eerder as herstel. Tog kan dit die moeite werd wees om eers kortliks op te som wat reeds gedoen is, voordat ons tenslotte die beloftes vir die toekoms aanstip, wat ons hoop om later in 'n afsonderlike artikel grondig te beoordeel.

Ná die eerste hulp vanaf 1931 in die vorm van plaaslike Waaksaamheidskomitees, die Boere-onderstandsraad met 'n onderstandskapitaal van £5,000,000 en uitvoersubsidies tot 'n bedrag van ongeveer £5,000,000, is sedert 1933 meer ingrypende maatreëls geneem, ook afgesien van die verlating van die goudstandaard.

Vereers is die rentekoers op plaasverbande vir boerende boere verlaag tot 5 pSt. (waarvan 1½ pSt. betaalbaar uit staatsfondse) en is tegelykertyd die Landbankkapitaal met £4,000,000 uitgebrei vir oorname van opgesegde plaasverbande, met belofte van verdere uitbreiding.

Verder word klein boere, ook onder beheer van die Landbank, voorsien van 'n geringe leningskapitaal vir

die aankoop of heraankoop van vee. Ook vir groter boere in droogte-geteisterde streke is daar 'n dergelike voorsiening. Hierdie stelsel werk deur bemiddeling van plaaslike komitees met 'n kapitaal van 'n kleine £1,000,000. Hierby mag genoem word verdere noodhulpsmaatreëls in die vorm van krediet of toelaag, naamlik in verband met voer vir diere en kos vir werksmense van boere wat slagoffers geword het van droogte en oorstrominge. Selfs vervoer van vee en voer en verskaffing van motortrekkers vir ploeë is in hierdie vorme voorsien.

Om persone weer in die boerdery gevestig te kry word vanaf 1 April 1934 klein bedrae vir huisvestingsonkoste beskikbaar gestel aan boere wat arm families op hul plase wil aanneem. Grotendeels in dieselfde rigting gaan die skema vir praktiese landboukundige opleiding van toekomstige boere en veral nedersetters, aan gereorganiseerde landbouskole.

Meer omvattend is die skema vir die bestryding van gronderosie, waaronder boere toelae ontvang in verskillende vorme om, by voorkeur met blanke arbeid, irrigasie- en veral grondverbeteringswerke uit te voer. Ook hierby kom plaaslike komitees te pas vir inspeksie en toesig. Intussen is ook verskeie groot irrigasie-skemas aangepak.

Insake kooperatiewe organisasies van die boerdery is die noodsaaklike hervormingsmaatreëls uitgestel tot ná oorweging van die kooperasie-kommissie se verslag. Voorlopig is egter al die voorsitter van hierdie kommissie, Prof. Grosskopf, aangestel as hoof van die afdeling Ekonomie-en-Marke van die Departement van Landbou. In hierdie verband kan ook verwys word na die pogingе tot beheer van die mark vir landbouprodukte m.n. mielies en vleis.

Ter aanvulling van hierdie grotendeels reeds in werking gestelde planne beloof die Troonrede by die opening van die Parlement verlenging van die Wet op Plaasverbandrente en bekamping van verskillende tydelike noodtoestande, verbetering van ons nedersettingstelsel, onderwyshervorming, verbetering van volksgesondheidsorganisasie, werkverskaffing, behandeling van landboukoöperasie- en -krediet en ook gedeeltelik van die naturelle-vraagstuk.

Dit alles kan seker behulpsaam wees tot verbetering van ons volksorganisasie, maar die oortuiging staan by ons vas dat alleen 'n volledige omsetting van ons volkslewe onder die leiding van 'n omvattende verafrikaansingsprogram werklike herstel van ons volksgesondheid sal verseker.

—o0o—